Dienelkander

Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Oos

20 Oktober 2019

OGGENDDIENS: Ds. Johannes Aucamp

Ds Johannes Aucamp doen sy bediening deur TOPIA wat daarop fokus om kerkleiers in Afrika toe te rus met die gereformeerde leer. Ons gemeente ondersteun sy bediening en is dankbaar dat hy vanmore weer hier by ons kom kuier om te vertel hoe dit met TOPIA gaan en om vir ons die Woord te bedien. Baie welkom ook aan Luzanne en hulle kinders.

Tema: God praat met goddeloses en is gretig om goddelose se smeekgebede te antwoord

In die geskiedenis oor Manasse, die goddelose koning van Juda, kry ons troos, hoop en aansporing. God stap 'n verstommende pad met goddelose sondaars. Hy waarsku, Hy straf en Hy betoon genade aan goddelose sondaars. Sy liefde en genade oortref ons verwagtings. Om God se genadepad met Manasse te verstaan, moet ons verstaan hoe goddeloos Manasse was. Ons gaan dus fokus op:

§ Manasse die goddelose koning;
§ Hoe God met Manasse praat;
§ Mannase se berou en smeekgebede;
§ God se antwoord op Manasse se smeekgebede.

God en ons ontmoet mekaar
Votum; Seën; Loflied Ps 34-1: 1 en 2; Geloofsbelydenis; Belydenislied Sb 12-3: 1, 2;

Ons verootmoedig ons voor God
Wet uit Eks 20; Sing as antwoord op die wet Ps 51-2: 1, 5; (kleuters gaan na hulle bediening) Gebed

God bedien aan ons sy Woord en ons ontvang dit aktief in geloof
Skriflesing: 2 Kronieke 33: 1-17;
Teksverse: 2 Kronieke 33: 10-13
Woordverkondiging

Ons antwoord op die Woordbediening
Gebed; Liefdegawe; Sing Ps 118-1: 1, 2 en 14; Seën; Amenlied: Sb 13-2.

AANDDIENS: Ds. Piet

Tema: God is intens bewus van my trane en Hy sal my vertroos!

Ons leef in ‘n stukkende wêreld wat vir ons baie trane meebring. Daar is trane oor beproewinge soos siekte, smart en dood – soos ons dit ook hierdie week in ons eie gemeente beleef het. Daar is trane oor rampe en teëspoed, armoede en ellende wat mense diep tref. Ook trane oor gebroke verhoudinge, stukkende huwelike, verlore kinders, onvervulde drome en ideale. Trane van teleurstelling en moedeloosheid, bekommernis en onsekerheid.

Die grootste troos vir die kind van God is om te weet dat ons Vader intens bewus is van my trane. Hy is so besorg oor ons dat Hy ons seerkry opskryf en ons trane in ‘n kruik opvang! Hoekom doen Hy dit? Omdat Hy

ons kan en wil en sal troos en bemoedig! Dis waarom ons as gelowiges deur al die trane bly bid!

Lofsang met die oog op die erediens
Lied 525: 1, 2, 3 en Lied 577: 1, 2, 3

God en ons ontmoet mekaar
Intreelied: Sb 15-1: 1, 2, 3; Votum; Seën; Loflied Sb 2-4: 1, 2; Gebed

God bedien aan ons sy Woord en ons ontvang dit aktief in geloof
Skriflesing: Psalm 56 (1933 Vertaling);
Teksvers: Ps 56: 9 - 12
Woordverkondiging

Ons antwoord op die Woordbediening
Gebed; Liefdegawe; Geloofsgesprek; Sing Sb 14-2; Seën uit Sb 19-3: 1, 2, 3 en gemeente antwoord met vers 4.

MEELEWING

- Gep Floor (Groep 28 - 083 388 1250) beleef goeie en minder goeie dae in die hospitaal. Hulle kan steeds nie vasstel wat die oorsaak van haar bloedverlies is nie en daar bestaan ‘n moontlikheid dat sy dalk na Pretoria verskuif kan word om daar deur ‘n hematoloog behandel te word.
- Jasper Venter (Groep 39 - 082 854 7229) is ontslaan uit Pretoria-Oos-hospitaal en gaan tuis by sy dogter in Pretoria vanwaar sy behandeling met ‘n ander tipe chemoterapie voortgaan.
- Hannie Kruger (Groep 1 - 083 293 0944) herstel tuis na haar beenoperasie.
- Earnest de Vries (Groep 6 - 082 903 8422) se moeder is oorlede na ‘n hartaanval in haar slaap en word Woensdag op Randfontein begrawe.
- Corrie Rheeder (Groep 10 - 084 050 0162) het ‘n operasie ondergaan en sterk tuis aan.
- Anna Smith (Groep 37 - 082 765 9813) ondergaan eerskomende Woensdag ‘n skouervervanging- operasie in MooiMed.
- Tannie Nansi de Klerk (Groep 1 - 072 199 6339) het geval en vermaan almal wat wil luister as volg: pas op dat jy nie met die een voet die ander voet se broekspyp vas trap nie, want dan val jy onderstebo. Dit het haar oorgekom, maar genadiglik het sy net kneusplekke oorgehou. Die gevolge kon baie erger gewees het.

Ons bid dat die Here beterskap, herstel, bemoediging en troos sal gee.

ONS VRA VOORBIDDING VIR DIE VOLGENDE LIDMATE WAT SUKKEL MET SIEKTE OF SWAK GESONDHEID

Janet vd Walt, Isak vd Walt, Bert en Gep Floor, Jacoba v Rooy, Magdaleen Venter, Koos en Marlene Jooste, Lana Labuschagne en Annette Coetsee.

ONDERSTEUNING VIR SIEKES

Vir ondersteuning of besoeke deur die hospitaalbesoeke-diensgroep, skakel hierdie week vir: siekes@oosdoppers.co.za of
Em Volschenk (082 564 1940) en
Elma Leijenaar (082 398 2874)
Medikliniek = 09:00-13:00 en 15:00-20:00
Mooimed = 11:00-11:30 en 15:00-16:00
en 19:00-20:00
Potch Hospitaal = 15:00-16:00
en 19:00-20:00

PROGRAM VAN DIE WEEK

Vandag
09:00 Gebedsgroep
09:30 Oggenddiens
Kleuterbediening
Katkisasie, les 25
Tee en koffie in die Skuur
18:00 Aanddiens
KATKISASIEVERSLAE INHANDIG

Maandag
17:15 Finans: Tel
18:00 Kersmark
19:00 Bestuursdiensgroep

Dinsdag
06:00 Manne-Ondersteuningsgroep
19:00 Spesiale ouderlinge blokverg - Blok C

Woensdag
09:30 Bybelstudie
18:00 Katkisasie Gr 8
18:00 Katkisasie Gr 11
18:30 Gebed en Ondersteuning
19:00 Bybelstudie

Donderdag
19:00 Spesiale ouderlinge-blokverg - Blok D

Vrydag
Dankbaarheidsfees

Volgende Sondag
Die gesamentlike Bybelloop gaan nie voort nie - maar daar sal wel Katkisasie wees
18:00 Gesamentlike Hervormingsdiens by die Bult

AFKONDIGINGS

- Liefdegawe vanoggend vir Barmhartigheid (Zapper betaal-metode beskikbaar)
- Gawe by die deure vanoggend vir die Diakonie.
- Gawes volgende Sondag vir die Bybelverspreiding.
- Vrywillige bydrae vir voertuigsekuriteit in die bussies by die deure.
- Diensbeurte: Groep 14 en 15.

KATKISASIE-AFSLUITING: SONDAG, 3 NOVEMBER

Ons kategete beplan weer ‘n baie lekker afsluitingsgeleentheid vir al ons katkisante op Sondag, 3 November. Ons nooi al ons kategete en kinders uit - ook die voorskoolse kleuterklassie - om dié Sondagmiddag lekker saam te kom kuier en die jaar se werk af te sluit.

DANKBAARHEIDSFEES: 25 OKTOBER

Liewe gemeente, kom vier weer saam met ons fees om ons dankbaarheid teenoor die Here te bewys.
Datum: Vrydag **25 Oktober 2019. Op die grasperk.**
Dis in die vorm van 'n skaapbraai! Ons gaan lekker saam kuier, proe-stalletjies en heerlike eet. Almal word hartlik na die fees uit genooi! Dis gratis! (Jul kan natuurlik geld, bykosse en 'n skapie skenk of dalk het jy 'n spitbraai vir ons om te leen. **Baie dankie** vir die skenkings wat ons reeds ontvang het).
Dit is noodsaaklik om die korrekte getalle te kry dus, **skryf jou naam op die lys in die skuur** om te verseker jy kry ook 'n lekker sappige stukkie gebraaide skaapvleis!
BESPREKINGS SLUIT VANDAG!!
Kontak diaken: Nardus v Zyl (082 492 9505) of Riaan vd Walt (082 784 9215)

KANSA

Baie dankie aan al die lidmate wat reeds bydraes gegee het vir ons Kansa-projek. Daar is steeds koevertjies in die voorportaal op die kluis beskikbaar. Daar is nog geleentheid tot einde Oktober om bydraes te gee om hierdie belangrike projek te ondersteun.

VERJAARSDAE

Baie geluk aan almal wat DV hierdie week verjaar!

Sondag, 20 Oktober
Br Giel Vermeulen **(78)** 082 764 4826

Maandag, 21 Oktober
Br Willem Pretorius 082 300 1522

Dinsdag, 22 Oktober
Jsr Lienke Coetzee
Sr Maxine Coetzee 060 965 3497

Donderdag, 24 Oktober

Sr Elsa Coetzee **(73)**	073 959 8051
Sr Riana Heystek	083 380 0662
Br Chris Velloen	083 236 6388

Vrydag, 25 Oktober

Jbr Andreas Alberts	
Br Schalk v Deventer	083 262 5828

KERSMARK 2019

Liewe gemeente

Die Kersmarkkomitee is reeds baie besig om alles gereed te kry vir die aanbied van 2019 se Kersmark. Ons sit **reeds lyste** uit sodat almal ‘n goeie geleentheid het om hulle name op te skryf en aan te dui waar hulle bereid is om te help. Ons het ons gemeente se ondersteuning baie nodig om van hierdie geleentheid ‘n sukses te maak.

Kersmark-groete

ALMANAK 2020 – DIE GKSA JAARBOEK MET DAGSTUKKIES

Daar is ‘n lys vir bestellings van die Almanak 2020 in die voorportaal van die Skuur. Die kostes beloop R86 per eksemplaar. Skryf asb u naam op indien u ‘n Almanak wil hê.

BEJAARDES: AFSLUITINGSFUNKSIE

Ons nooi ons bejaarde lidmate om hul afsluitingsfunksie saam met ons te geniet by die Kersmark op **Dinsdag, 3 Desember** met ‘n gratis ontbyt by die Kersmark.

Die datum op ons jaarprogram verander dan van Woensdag, 13 November na Dinsdag, 3 Desember. Ons hoop om julle almal daar te sien!

KERKLIKE TYDSKRIFTE: KERKBLAD EN VROUEBLAD

Die tydskrifte is in die voorportaal van die Skuur beskikbaar SLEGS vir lidmate wat daarop ingeteken is.

VERSAMELING KERKBLAAIE BESKIKBAAR

'n Lidmaat uit Oos-Londen verneem of iemand sy versameling Kerkblaaie dalk wil hê. Die versameling strek vanaf Junie 2001 tot September 2019. Sommige nommers ontbreek, maar oor die algemeen is die jare volledig. Enige reëling vir die versending kan oorweeg word. As iemand die versendingskoste wil vereffen, kan die hele versameling gekoerier word. Skakel dries@wolpies.co.za of 084 513 5066 om die aangeleentheid met Dries van der Walt te bespreek.

KENNISGEWINGBORD

- Gereformeerde Kerk Potchefstroom: Oktoberfees
- Gereformeerde Kerk Cachet: Eerstejaarskamp 2020

ALGEMENE INLIGTING

LIEFDEGAWES VIR BARMHARTIGHEID (DIAKONIE)

ZAPPER (Selfoon toepassing)

Hierdie QR-simboolkode is gekoppel aan die Diakonie se rekening en **slegs bydraes vir Barmhartigheid** kan daarmee gemaak word - geen ander betalings aan die Diakonie of kerkraad nie

KONTAKBESONDERHEDE: PREDIKANT, HULPDIENS & KANTOOR

Ds. Piet: 018 290 5635 / 082 779 1237

Hulpdiens: Ds. Pieter vd Walt – 082 851 3637
Prof. Herrie v Rooy – 083 700 3933

Hanno van Schaik - 072 105 3961

Kerkkantoor: Adele 018 290 7690 / kerkkantoor@oosdoppers.co.za

Kosterspaar: Johan 061 336 7255
Elsa 073 959 8051

SUSTERS IN DIE GELOOF

"Om-gee-wingsbewus"

Teeskinkgeleenthede

- *Baie dankie aan die groepsusters en hulle groepe se susters, broers en kinders wat met die skink en opwas help!*
- *Ons moedig susters en broers, selfs gesinne aan om met die skink en opwas te kom help – so leer ons mekaar en ons nuwe groepe beter ken!*

Tee word **vandag** deur die volgende groeplede en hul groepsusters bedien: Marna Naudé en groep 10, Estelle v Hamburg en broep 18, Marian de Kock en groep 20, asook Ansa Venter en groep 39.

Volgende week skink Christelle Vorster en groep 2, Wilma Viviers en groep 11, Christa vd Walt en groep 21, asook Marie Oosthuizen en groep 31 se susters, tee. *Baie dankie julle!*

Blikkies-warmharte

Die doel van die blikkies (wat jy in die voorportaal van die kerk kan kry) is dat almal hulle lastige kleingeld in 'n blikkie sal gooi en die vol blikkie dan in die voorportaal van die kerk sal neersit. Die geld word dan gebruik om blomme of iets toepaslik aan te koop vir iemand wat deur beproewing gaan. ***Baie dankie vir julle getroue bydraes!***

Sustersbydrae

Die susters se fondse word uit elke suster se vrywillige bydrae (R150 per jaar) verkry asook die fondse wat tydens fondsinsamelingsgeleenthede geïn word. Hierdie geld word gebruik om na minderbevoorregtes uit te reik en daar word jaarliks aan verskillende verdienstelike instansies, donasies gegee

Dankie: Klassis-ete

Ons wil vir Anna Smith en Ina Potgieter van harte bedank vir die heerlike ete wat hulle vir die Klassis Potchefstroom voorgesit het. Die manne het dit opreg waardeer en baie geniet!

Potch-Oos Sustersafsluiting

Liewe susters, Blok D nooi julle hartlik uit na ons Sustersafsluiting van hierdie jaar.

Kom luister na Lizette van Wyk wat ons gaan vertel om "meer as oorwinnaar" te leef!

Ons gaan rondom hierdie tema saam kuier. Elke dame bring 'n geskenkie van ongeveer R50 saam, wat ons onder mekaar gaan uitruil as 'n bederf. Skryf asb jou naam op die lys in die voorportaal sodat ons getalle het om die ete te kan voorberei.

Sluiting van bespreking: Woensdag 6 November

Belangrike datums vir die maand

DATUM	DAG	TYD	WIE	WAT
3 Nov	Sondag	15:00	Groepsusters	Katkisasie-afsluiting
12-Nov	Dinsdag	18:30	Blok D	Potch-Oos Sustersafsluiting
17-Nov	Sondag	12:00	Blok A	Nagmaalete
29 Nov – 7 Des	Vry - Sat	07:00 tot 20:00	Almal	Mooirivier Kersmark
3 Des	Dinsdag	10:00	Bestuur en groepsusters	Bejaardelidmate: afsluiting

HUIZEMARK
EIENDOMSAGENTSKAP

ONS HET VOORDUREND POSTE BESKIKBAAR VIR AGENTE EN BEMARKERS

ONS DOEN :
Verkope & Verhurings
* Huise, * Woonstelle,
* Meenthuise,
* Besigheidspersele,
* Plase, * Plotte

huizemark you're home

VIR ALLE EIENDOMSBEHOEFTES SKAKEL

Rolene vd Walt
082 859 6209

OOSDOPPERTJIES

VOORBEREIDING

2 Kronieke 16:9 "Die Here het sy oë oral op die aarde sodat Hy dié kan help wat met hulle hele hart op Hom vertrou."

Voorbereiding is die antwoord. 'n Gewigopteller begin nie sommer dadelik om 'n 250kg gewig op te tel nie. 'n Marathon-atleet hardloop nie die eerste keer 42 kilometer wat sy haar hardloopskoene aantrek nie. Enige sportman of sportvrou begin hul loopbaan met oefening. Hulle oefen hulle spiere en longkapasiteit sodat hulle in staat sal wees om hul beste te gee. Sal jy bly wees om te hoor dit werk ook so in die Christelike lewe? Jy is besig met voorbereiding! Jy begin deur op God te vertrou en Hy versterk jou voortdurend sodat jy sy werk kan doen, Hom kan gehoorsaam en geestelik fiks kan word. God sal altyd daar wees om jou te help.

GEDAGTE VIR DIE WEEK!

TOPIA - Opleidingsbesoek by *Covenant College* Julie en Augustus 2019.

Ons eerste twee dae in Zambië is gebruik om 'n tydelike werkspermit te verkry. Nadat 'n baie vriendelike immigrasie beamte ons gehelp het, kon ons na *Covenant College* in die Petauke omgewing vertrek waar ons vir sewe weke gebly het.

Ons het die sitkamer in die huis waar ons gebly het in 'n klaskamer verander. Daar het Lizanne en die kinders lekker skool gehou. Vanaf 15:00 is dit egter speeltyd. Dan word daar met maatjies gespeel, modderkoekies gebak en met grond, sade en blare handel gedryf. Dit is ook vir ons kinders 'n wonderlike ervaring om die plaas en al die plaasdiere te beleef.

Covenant is 'n leersentrum van Mukhanyo en ons het in ses weke 5 diploma modules gedoen, naamlik Evangelisasie 1 en 2 en Prediking 1, 2 en 3. Ek en die studente moes maar bont staan om in die kort tydjie soveel kursusse te voltooi. Ons het ook studente of oud studente se kerke op Sondae besoek en Sondagaande heerlik saam met die kollege personeel geëet en gekuier.

Op pad terug het ons so paar dae by Thys en Dorette op Motopi gekuier. Dit is tans baie droog in Botswana en hulle voer 'n klompie seekoeie. Ons kon ook die benoude voerdery meemaak. Ons is die Here dankbaar dat ons weer by die huis is en dat ons veilig gereis het. Veral dat Hy ons tydens die onluste insident in Malawi bewaar het. Baie dankie aan al die TOPIA kerke en ons TOPIA vriende wat dit vir ons moontlik maak om kerkleiers in Afrika te dien en saam in sy koninkryk te werk.

TOPIA het 'n FB blad waar foto's geplaas word. Gaan kyk gerus daar indien jy meer oor TOPIA wil sien en hoor. Ons het ook 'n Whattsapp groep waardeur jy beriggies en gebedsversoeke kan ontvang. Ons gebruik Whattsapp veral wanneer ons weg van die huis is. Indien jy deur Whatsapp nuus wil ontvang, laat weet asseblief vir Lizanne by 084 555 1890.

TOPIA MEDEWERKER: Asseblief bid, help met opleiding of maak 'n koninkryksbelegging deur Zapper, Snapscan of die TOPIA FNB TJEKREKENING: 62769393712 Takkode: 250655.

Na ons vaste maandelike inkomste benodig TOPIA R16 000 per maand. Ons vra dus mooi of jy nie biddend sal oorweeg om op 'n vaste maandelikse basis 'n koninkryksbelegging by TOPIA te maak nie.

Zapper

Snapscan

AAN GOD AL DIE EER - IN HOM, DEUR HOM EN VIR HOM!